

Sing vooraf staande: Psalm 19:1, 2 (p. 82)

- 1 Die hoë hemelrond / vertel met blye mond / Gods heerlijkheid en eer,
en, wonderbaar deurglans, / vermeld die wye trans / die werke van die HEER.
Die dag roep orals luid / en duisendstemmig uit / dié loffelike sprake;
die nag se stille stap / meld kunde en wetenskap / deur al sy donker wake.
- 2 Hoe goddelik en skoon / en wonderbaar die toon / wat deur die skepping gaan!
Geen volk so onbegaaf, / geen oor so onbeskaaf, / wat nie dié taal verstaan.
Die prag van hemelwyn / wat deur die wydttes skyn, / spreek daar so luid en kragtig
dat nêrens hart of oor / dié skeppingstaal nie hoor – / tot roem van God almagtig.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 150:1, 3 (p. 719)

- 1 Loof God, loof sy Naam alom! / Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag / in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëdhede, / om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit, voor sy troon en hier benede.
- 3 Loof God – dit is sy bevel – / met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal / van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere – / al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef! / Halleluja, loof die HERE!

Gebed

Psalm 34:6, 7 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.
- 7 God wend sy aangesig / teen hul wat sy bevel weerstaan,
Hy laat hul naam met hul vergaan / deur hoogste strafgerig;
maar Hy sien gunstig neer / op die regverdige geslag;
Hy neig sy ore tot hul klag / en red hul altyd weer.

Skriflesing: Efesiërs 5:21; 6:1-4; 1 Petrus 2:11-12, 18-25; Heidelbergse Kategismus, Sondag 39:104

Kernvers: Efesiërs 6:1, 4

Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.

En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.

(Efesiërs 6:1, 4 AFR1983)

Heidelbergse Kategismus: **Vraag 104: Wat eis God in die vyfde gebod?**

Antwoord: Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer liefde en trou bewys. Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp (a). Ook moet ek met hulle gebreke geduld hê (b) omdat God ons deur hulle wil regeer (c).

(a) Ef 6:1, 2, 5; Kol 3:18, 20, 22; Ef 5:22; Spr 1:8; 4:1; 15:20; 20:20; Eks 21:17; Rom 13:1. (b) Spr 23:22; Gen 9:24; 1 Pet 2:18. (c) Ef 6:4, 9; Kol 3:20; Rom 13:2, 3; Matt 22:21.

Tema: Dankbare gelowiges onderwerp hulle aan die gesag wat God aanstel

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die verontagsaming van gesag of die bevraagtekening van gesag is nie iets onbekends vir ons nie. Oor die breë spektrum van die hele samelewing kom oud en jonk, groot en klein in opstand teen die gesag wat oor hulle aangestel is. Tot vervelens toe lees ons van die gevolge van hierdie opstand in die koerante, sien ons dit op televisie, en hoor ons dit oor die radio. Dit is plaasmoorde, verkragtings, mishandeling, gewapende roof, en verkeersoortredings op ons land se paaie. Maar die verwerping van gesag vind nie net daar buite in die wye wêreld plaas nie. Selfs in die huise van baie mense kom kinders in opstand teen die gesag van hulle ouers. Selfs in die huisgesin van God, in die kerk, kom mense in opstand teen die gesag wat God daar oor hulle aangestel het.

Nou het die sosiale wetenskaplikes en sielkundiges al baie verklarings gegee vir hierdie tendens in ons samelewing. Die postmoderne denkraamwerk word as die een groot rede genoem waarom mense vandag in opstand is teen gesag. Voor die Tweede Wêreldoorlog het die mensdom gemeen hy word al beter. Vir hulle was daar geen grense vir die mens se vooruitgang nie. Maar die Tweede Wêreldoorlog het die mens in sy spore gestuit en baie het gesien dat die mens nie beter word nie. Hierdie besef het baie ander gedagtes ook losgemaak. Een van die gedagtes wat uit hierdie besef gebore is dié een: Is alles wat mense in gesagsposisies aan ons sê altyd die waarheid? Is hulle altyd reg? Moet ons maar net altyd ja en amen sê op wat hulle vir ons sê?

Hierdie kritiese beskouing van mense in gesagsposisies en die wantroue oor hulle woorde het grootliks ontstaan omdat mense ontnugter geraak het – ontnugter omdat hulle gesien en beleef het dat alles wat die mense in gesagsposisies gesê het nie altyd die waarheid is nie. Nie net ontnugter nie, maar ook verslae, en hierdie verslaentheid dra in 'n sekere sin daartoe by dat alle gesag op die een of ander manier bevraagteken word.

Om krities na die mense in gesagsposisies en hulle woorde te kyk is goed. 'n Mens kan nie sommer alles vir soetkoek opeet nie. Maar by die kritiese beskouing moet 'n mens let op die maatstaf wat jy aanlê. En jy moet jouself afvra: Is die maatstaf wat ek aanlê die een wat my en my omstandighede die beste pas of is dit die maatstaf van God waaraan ek myself as gelowige ook onderwerp?

Broers, susters en kinders, dank die Here dat Hy ons nie in die duister laat oor watter maatstaf ons moet aanlê nie. Elke Sondag kondig die Here hierdie maatstaf aan ons af: **Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het, dan sal jy 'n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.** (Deuteronomium 5:16 AFR1983)

En kyk nou net hoe gewoon werk die Here met sy kinders. Hy kom nie met 'n buitengewone opdrag na ons nie. Daar in die liefdeskring waar ons gebore word, leer die Here ons ons eerste lesse om gesag te aanvaar. Die eerste gesag waarmee ons te doen kry, is nie dié wat deur 'n regeringshoof of 'n onderwyser of 'n kerklike ampsdraer uitgeoefen word nie. Die eerste gesag waaraan die Here wil hê dat ons ons moet onderwerp is dié in die intieme kring van die huisgesin.

In ons Kategismus bely ons immers dat **ek my vader en moeder alle eer, liefde en trou moet bewys**. Vir 'n gelowige kind wat die liefde en sorg van sy pa en ma ervaar, is dit maklik om aan hulle ook liefde te bewys. 'n Gelowige kind wat weet dat God hierdie man en vrou aan hom as sy pa en ma gegee het, wil hom graag aan hulle onderwerp omdat hy en sy die Here wil gehoorsaam. Die Here laat ons in sy genade die eerste lesse van gesag deur die vriendelike hande van 'n pa en die liefdevolle hande van 'n ma leer ken. Die Here leer ons om onself aan gesag te onderwerp daar waar dit vir ons wat in sonde ontvang en gebore is die maklikste is om dit aan te leer.

Aangesien ons steeds sondaars is, word ons voortdurend daaraan herinner om ons aan die gesag van ons ouers te onderwerp. As gelowiges moet kinders aan hulle ouers gehoorsaam wees. Kinders, julle moet aan julle ouers gehoorsaam wees – nie ter wille van pa en ma in die eerste plek nie –

maar ter wille van God. Omdat julle, kinders, gelowiges is en eerbied vir Christus het, daarom is julle onderdanig aan julle ouers. Julle het nie gekies watter man en vrou julle vir ouers wil hê nie. God het hulle vir julle gekies. En God se keuse is altyd die beste vir ons.

Kinders wat ongehoorsaam aan hulle ouers leef en wat hulle nie in die liefdeskring van 'n huisgesin aan gesag wil onderwerp nie, loop die gevaar om in die lewe buite die gesinskring hulle vas te loop. 'n Kind wat nie aan sy ouers gehoorsaam wil wees nie, sal moeilik, indien ooit, gehoorsaam wil wees in die skool, in die kerk en teenoor die staat. So 'n kind minag die gesag wat oor hom of haar aangestel is en minag eintlik God, want Hy het die bepaalde mense aangestel om gesag oor die kind uit te oefen. **God wil ons deur hulle regeer.**

Geliefdes, die Here praat in die vyfde gebod nie net met ons kinders nie. In die vyfde gebod word ons ouers ook tot verantwoording voor God geroep. Wat ouers in die intieme kring van die huisgesin met hulle kinders doen, is grondliggend aan die lewe van ons kinders. Met die huisgesin staan 'n mens in 'n sekere sin by die bron vir die kind: as die water by daardie bron giftig geword het, sal dit verder in die stroom ook giftig wees. Wat Pa en Ma met die kind in die huisgesin doen en aan die kind leer deur woord en daad, het 'n ingrypende betekenis vir die kind se lewe in die skool, in die kerk en in die staat. As 'n kind in die huisgesin nie geleer word om hom aan gesag te onderwerp nie, gaan hy dit buite die huisgesin moeilik leer of glad nie leer nie.

Daarom vermaan Paulus ook die ouers in Efesiërs 6: **Vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie.** Moenie die kinders verpes en vertoorn, hulle onredelik en onregverdig behandel sodat hulle agting vir julle verloor en so teen God sondig nie. Ons bely immers dat kinders hulle **aan die goeie leer en tug** van die ouers **gehoorsaam moet onderwerp**. Die ouers het daarom die verantwoordelikheid om gedurig aan God se Woord te toets of hulle leer en tug **goed** is. Onthou, eer, liefde en trou word nie by kinders afgedwing nie. Eer, liefde en trou volg in die voetspoor van goeie leer en tug. Iemand wat sy kind nie wil tug nie, het sy kind nie regtig lief nie en kan nie liefde van sy kind verwag nie.

Die tragedie van 'n huis waarin die goeie leer en tug ontbreek het, word ook in die Bybel aan ons voorgedra. In 1 Samuel 3 leer die Here ons dit. Eli het 'n slap houding teenoor sy kinders gehad. Hy wou hulle nie tug en leer soos die Here wil nie. Daarom het die Here oor die kinders van Eli die ewige straf voltrek.

Om jou kind te tug, is nie die maklikste en aangenaamste ding om te doen nie. Maar die Here gee ons ouers die opdrag om dit te doen, want die Here het daardie spesifieke kind aan ons as ouers gegee om vir Hom groot te maak. Die fondament van die kind se aardse en geestelike lewe word in die huisgesin gelê. Wat ons met ons kinders doen en wat ons hulle leer, gaan bepaal of hulle 'n brief van Christus is waarop geskryf staan dat hulle kinders van God is. Of, ons optrede gaan bepaal of daardie kind vir homself, vir julle as ouers, vir die kerk en die staat 'n probleem gaan wees – 'n kind na wie God die Vader in droefheid sal kyk omdat hy hom nie aan gesag wil onderwerp nie.

Ons kinders kan nou vra: Moet ek my pa en ma altyd onder alle omstandighede eer, liefhê en trou bewys? Ja, jy moet dit doen. Die eer wat jy aan jou pa en ma gee, is nie eer vir hulle persoon nie. Jy eer Pa en Ma nie as mense nie. Jy moet hulle eer en respekteer omdat hulle jou ouers is – die ouers wat God self besluit het om vir jou te gee. En die liefde wat jy aan hulle bewys, is opregte en offerende liefde.

Ons hemelse Vader het sy Seun opgeoffer om sy liefde aan ons te bewys. Kinders wat dankbaar is vir die liefde wat die Vader deur Christus aan hulle bewys het, bewys ook nou offerende liefde aan hulle ouers. Hulle offer hulle plesier, tyd en wat ook al op om liefde aan hulle ouers te bewys. Verder moet kinders ook trou aan hulle ouers bewys sodat hulle ouers op hulle kan vertrou. Bewys trou aan julle ouers, kinders, veral wanneer hulle oud, sieklik en selfs lastig word. Onthou, aan die vyfde

gebod is nie 'n tydperk gekoppel nie. Sem en Jafet het aan Noag, hulle pa, eer, liefde en trou bewys selfs toe hy dronk was en homself kaal uitgetrek het. Gam het dit nie gedoen nie, daarom het sy kind Kanaän die straf gekry om Israel se slawe te wees.

Dit bring ons by wat ons in die laaste sin van Sondag 39 bely. Ons moet met ons ouers se **swakhede en gebreke geduld hê**. Ons ouers kan baie gebreke en swakhede hê – nie net ouderdom met sy kwale nie, maar ook deursettingsvermoë kan ontbreek; hulle kan spandabelrig wees; daar is ontroue vaders; moeders wat nie hulle kinders liggaamlik en geestelik versorg nie; ouers wat gedurig baklei en aanstoot gee. Van die kind se kant gesien, is dit alles gebreke en swakhede. Voor God is dit wel ernstige sondes, maar steeds mag 'n kind sy ouers nie oor hierdie gebreke en swakhede minag nie. Jy moet hulle steeds eer, liefhê en trou bewys, want hulle is jou ouers. En bid vir hulle. Bid ook dat God hulle sal bekeer as hulle volhard in die sonde.

En kinders, ondanks hierdie gebreke en swakhede moet julle steeds gehoorsaam wees aan julle ouers. God eis dit van julle. Iemand wat sy ouers gehoorsaam, bewys dank aan God dat hy deel in die verlossing wat Christus vir hom bewerk het. Moet ek my ouers altyd gehoorsaam? Ja! Behalwe daar waar ouers iets beveel wat direk in stryd is met God se Woord en wil. Dan moet ons aan God meer gehoorsaam wees as aan mense. Geen mens, nie eers ons ouers kan en mag verwag dat ons hulle sal gehoorsaam as dit wat hulle van ons eis in stryd met God se wil is nie. Die Here se opdrag aan ons ouers is immers dat hulle die kinders sal grootmaak met tug en vermaning soos die Here wil.

Geliefdes, tot dusver het ons nog net gehoor wat die Here in die vyfde gebod eis met betrekking tot die verhouding tussen ouers en kinders. Maar die vyfde gebod verwoord nie net die Here se eis in die gesin nie. Die wet van die Here het seggenskap oor alle terreine van ons lewe. Daarom het die vyfde gebod se eis ook betrekking op alle gesagskringe waar ons met gesagsdraers en gesagsonderdane te doen het – in die skool, die kerk, by my werk, teenoor die owerheid en waar ook al.

Moet ons dan die owerheid van die dag wat bande met die kommunisme het en heidense trekke toon ook eer? Ja, broers en susters. Hierdie regering wat vandag oor ons in Suid-Afrika regeer, het nie hulle gesag uit hulleself nie. God het dit aan hulle gegee om ons deur hulle te regeer. Daarom bely ons: ons moet aan almal wat oor ons aangestel is alle eer, liefde en trou bewys.

Die gelowiges aan wie Petrus skryf, is mense wat moes vlug vir hulle lewe van waar hulle gebly het. Die kerk is immers vervolgd daar waar hulle gebly het. En waarheen die gelowiges ook al gevlug het, was hulle omring deur heidene. Om 'n bestaan te kon maak moes hulle werk, en waar anders sou hulle gaan werk het as by heidene? Geharde heidene was hulle meesters.

Deur God se genade was daar van hierdie geharde heidense meesters wat tog 'n sin vir menslikheid gehad het – mense wat goehartig en vriendelik was. Om jou aan sulke mense se gesag te onderwerp is maklik, want die baas is dan goed vir jou. Maar nou geld die eis van die Here ook vir die gesag van 'n baas wat onredelik is. Ook aan sy gesag moet jy jou onderwerp al gaan dit teen jou grein en jou natuurlike geaardheid in. Daarom vermaan die Here ons al vroeër in 1 Petrus 2: **Moenie aan julle sinlike begeertes**, dit is julle natuurlike geaardheid, **toegee nie**.

'n Mens se natuurlike geaardheid is om die mense wat jou goed behandel ook goed te behandel, maar die wat jou sleg behandel, ook sleg te behandel. Teen hierdie natuurlike geaardheid waarsku die Here ons, want **dit verwoes net 'n mens se lewe**. As die owerheid, of watter gesagsdraer ook al, jou te nakom of onbillik behandel, moenie maniere soek om hulle gesag te ondermyn of te verwerp nie. Jy gaan net jou eie lewe verwoes. Want as jy ly as gevolg van straf deur die owerheid omdat jy die gesag van die owerheid verwerp het, is dit jou loon. God het immers die swaard aan die owerheid gegee om die kwaaddoeners te straf. Daarom, moenie enigiets doen waardeur jy te kenne gee dat jy die staat se werk in die wiele probeer ry en sy gesag verwerp nie. Jy gaan jou eie lewe

verwoes. En buitendien, jy verwerp nie net die gesag van die owerheid nie, jy verwerp ook God se gesag wat die owerheid oor jou aangestel het!

Ons moet God eerder dank dat Hy nog gesag deur gesagsinstansies oor ons bedien, want Hy het dit gedoen sodat daar orde in die samelewing kan wees. Want wat sou gebeur as daar geen gesagsinstansies was nie? Dink u vir 'n oomblik in hoe dit sal wees as alle gesag weg is. Alles sou 'n verskriklike groot chaos wees. Deur die owerhede wat die Here oor ons aangestel het, beskerm Hy ons juis van dié soort chaos.

Hoe moet ons dan nou optree as die owerheid of enige gesagsinstansies onbillik en onregverdig teen ons optree? In die eerste plek moet jy vir jou natuurlike geaardheid sê: Nee, ek gaan nie terug kwaad doen nie. In die tweede plek het Christus vir ons die voorbeeld gestel. Hy het ook onregverdig gely onder gesagsinstansies, maar Hy het nie een keer terug kwaad gedoen nie. Ons moet in hierdie voetspore van Christus volg, soos Petrus sê.

Nou moet ons bysê: Daar is 'n groot verskil tussen Christus se lyding en ons lyding. Christus het in die algehele sin van die woord onskuldig gely. En so het Hy veroorsaak dat ons nie meer slawe is van ons natuurlike geaardheid nie. In Christus het ons die sinlike begeertes oorwin en kan ons dit regkry om ons aan die gesag van onbillike en onregverdige owerhede te onderwerp.

Dan moet ons ook nie vergeet om vir die owerheid te bid nie. Bid dat die Here deur sy Gees hulle in die hart en verstand sal gryp. Verder moet ons as profete teenoor die gesagsinstansies optree wat onchristelik en boos handel. Ons is immers gesalf as profete.

Geliefde kinders, God eis dat julle julle ouers sal gehoorsaam, eer, liefhê en trou bewys. Doen dit, want deur dit te doen, is julle gehoorsaam aan God. Geliefde ouers, God eis dat julle julle kinders sal grootmaak met vermaning en tug soos die Here wil. Doen dit, want deur dit te doen volg gehoorsaamheid, eer, liefde en trou van julle kinders aan julle. Geliefde gemeente van Christus, God eis dat ons almal wat oor ons aangestel is, sal gehoorsaam, eer, liefhê en trou bewys. Laat ons ook dit doen, want deur dit te doen bewys ons ons dank aan God vir die liefde en genade wat Hy aan ons betoon het deur ons in Christus van ons sonde te verlos.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:4, 5 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 5 Daarom sluit ek al u woorde / in my hart sorgvuldig in,
dat ek nie teen U sou sondig / en te minder U bemin.
HEER, my God, U is lofwaardig! / Leer my tog u regte wel.
Met my lippe^ot ek die wysheid / van u wet alom vertel.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
4 Desember 2011